Wederkoms. Die lewe en geskiedenis van Jannes Hoop.
Louis Kruger. 2009. Kaapstad:
Human & Rousseau. 237 pp.
ISBN: 10-0-7981-4997-3.

Louis Kruger het al met vorige romans, soos *’n Basis oorkant die grens* en *Herinnering aan Agnes*, bewys dat hy ’n meester is met die skep van ’n melankoliese stemming waarin verganklikheid en die onvolkomenheid van die mens se bestaan oorheers.

Dit is ook in *Wederkoms* die geval.

Jannes Hoop se lewe is so ’n armoedige, geïsoleerde bestaan dat die ironie van sy familienaam slegs deur die hoop van die titel enigsins effens versag word. Veel van ’n lewe en veel van ’n geskiedenis is daar nie; wel die uiteensetting van ’n ellendige lewe en tragiese afloop waarin die hoop dikwels beskaam het. Die hoop op die ewige lewe hierna en die ervaring van ’n wederkoms is die enigste redding vir hierdie mens en seker ook baie ander vir wie die lewe so gereeld en sonder uitsondering met mening teleurstel. Die suggestie van die apostel Johannes op die eiland, besig om in die Openbaring oor die wederkoms te skryf – met verwysing na die naam van die hoofkarakter en die titel – is seker nie té vergesog nie?

Vir hierdie leser het die aanhoudende armoedigheid en armsaligheid so deur die middel van die roman begin onderkry. (Willie Burger het reeds in sy *Litnet*-resensie gewys op die lang lys soortgelyke stereotipes van die arme binne die Afrikaanse letterkunde).Tog het die gedagte van die bergpredikasie iewers deurgedring: maar aan diesulkes behoort die koninkryk van die hemele; hulle sal die saligheid beërwe.

Met ’n titel soos *Wederkoms*, wat die religieuse tematiek inlui, is dit ook nie ’n verrassing dat die roman begin (en eindig) met die verskyning van engele nie. Dit blyk ’n proloog te wees vir die terugskouing oor Jannes se hele lewe wat uitloop op hierdie einde waarmee die roman begin.

Die engele is reeds teenwoordig met sy geboorte, so is aan hom vertel. Deur die loop van sy lewe is hy intens bewus van dreigende onheil sodat dit ’n vooruitwysing word na die tragiese gebeure rondom sy pa, sy vrou, sy kind en die lot van die mense op die Eiland met die bou van die dam.

Die “neerdrukkende sfeer” (11) kenmerk Jannes se lewe, vanaf sy ma se dood met sy geboorte tot by die slot waar sy ervaring van die Wederkoms ’n finale oplossing vir al die ellende bied. Die grootwordjare in skaamte vir sy pa en die res van die gesin, die weggaan van sy gunsteling-suster, die verwerping van ’n skoolmaat, die onbegrip binne sy huwelik, mislike skoonfamilie en onderwerping aan groter magte rondom die konstruksie van ’n dam wat hulle hele bestaan sou bedreig, dra alles by tot hierdie eenselwige atmosfeer in die roman.

Daar is wel die kortstondige ervarings van vreugde: sy suster Greta se toenadering, die een maatjie by die skool, sy ontdekking van die rivier, sy ontmoeting en liefde vir Myrte, die versorging van sy seun Bas, sy groenteboerdery, die tydjie toe hy die byeman was met die mooi heuning…

Kruger slaag goed in sy uitbeelding van hierdie outydse gemeenskap in ’n moderne tydsgewrig. Hulle eenvoudige, afgesonderde leefwyse motiveer ook die liggelowigheid, die aanhang van die Pastoor, die vatbaarheid vir geestelike en rebelse opsweping en die merkbare invloed van al hierdie elemente op hul gesinsverhoudinge.

Sy beskrywings van veral die ervarings rondom die rivier is ’n hoogtepunt in hierdie roman. Hy beeld die naïewe verwondering by Jannes uit en in breër sin ook die rivier as lewensaar van hierdie gemeenskap, maar tegelykertyd die plek van ontvlugting en bedreiging. Hy slaag ook daarin om die moeilike balans tussen ’n uiters naïewe geloofs-



26 Rev J Anker 03 WEB.pmd 180 2/2/2010, 8:47 AM

ervaring en oomblikke van egte geestelike opheffing en ervaring te handhaaf en oortuigend oor te dra; veral ten opsigte van Jannes.

Met die beskrywing van die Wederkoms vanuit Jannes se oogpunt, lees ons Jannes se gedagtes: "Hy verwonder hom oor die eenvoud van die ervaring" (236). Uiteindelik lê die waarde van hierdie roman juis dáárin.

*Johan Anker*
Kaapse Skiereilandse
Universiteit vir Tegnologie,
Wellington



26 Rev J Anker 03 WEB.pmd 181 2/2/2010, 8:47 AM